# Hoërskool Ermelo

## Prospektus
## *Prospectus*



E.H.S.

1914

NON VIRIBUS SED VIRTUTE

# Indeks

Die grondslag van Hoërskool Ermelo berus op ons geloof in Jesus Christus, standvastige waardes en ryke tradisies wat strek oor meer as 100 jaar. Sedert die skool se stigting in 1914, streef die Erries daarna om leerders se karakter te help vorm, hul te lei om in ‘n persoonlike verhouding met God te staan, trots op hul alma mater te wees en met vertroue die wêreld in te gaan. Verder is ons visie om na graad 12 ‘n leerder die wêreld in te stuur wat ‘n verskil maak. ‘n Leerder wat bemagtig is deur kennis, wat strewe na uitnemendheid en deurgaans groei, maar ook ‘n ware leier kan wees wat ander mense help om hulle passie in die lewe te vind.

*At EHS learners are taught to cope with the pressures of modern society and how to find creative solutions to problems. Hoërskool Ermelo is not average. We strive towards excellence in spiritual-, academic-, sport- and cultural activities.*

Erries betree die lewe na skool nie as blote toevoegings tot die samelewing nie, maar as volwaardige jong volwassenes wat ‘n definitiewe stempel afdruk waar hul ook al gaan.


p. 03 | Wat is Hoërskool Ermelo?
p. 04 | Geskiedenis
p. 05 | Wapen & Kleure
p. 06 | Fasiliteite & Koshuise
p. 11 | Akademie
p. 13 | Sport
p. 14 | Kultuur
p. 15 | Leerderontwikkeling
p. 17 | Skoollied




# Wat Is Hoërskool Ermelo?

Die EHS is ‘n skool met meer as 100 jaar se trotse tradisie, geskiedenis en geloof geanker in God. Hier innoveer, verryk en bou ons die karakter wat leerders ‘n leeftyd bybly. Ons stuur elkeen wat hier spore gelaat het die wêreld in met geloof, beginsels, waardes en trots vir ons skool wat uittroon bo die ander.

Die Erries is meer as ‘n gebou; meer as ‘n massa van groen.

Dis ‘n leefstyl, ‘n vesting en ‘n anker vir diegene wat kies om uitnemend te wees.

## Visie

Ons visie is om ‘n leerder die wêreld in te stuur wat ‘n verskil kan maak en ‘n sukses van sy/haar lewe kan maak. ‘n Leerder wat bemagtig is deur kennis, wat strewe na uitnemendheid, deurgaans groei, ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus het, maar ook ‘n ware leier kan wees wat ander mense help om hulle passie in die lewe te vind.



Ons wil graag ouers hê wat trots is op EHS en gemotiveerd is om betrokke te wees en bydraes te lewer, ouers wat opvoeding belangrik ag en goeie voorbeelde is vir hul kinders! *We would like to encourage our parents to be leaders; parents who care and support their children.*

Ons visie is om onderwysers te hê wat ‘n goeie invloed het, gedissiplineerd is en met hulle voorbeeld lei. Onderwysers moet klaskamerbestuurders en briljante afrigters wees wat strewe na uitnemendheid, tradisies respekteer, ‘n verhouding met God het en elke geleentheid raaksien.


## Missie

Ons sal ons visie bereik deur die volgende na te streef en uit te leef:

* ‘n Hoof wat die voorbeeld in alle opsigte vir almal sal stel en leiding sal neem.
* Ons wil respek kweek vir die wese van ander mense en ander se besittings.
* Sensitief en opbouend teenoor ander optree en opstaan teen afguns en jaloesie deur erkenning van die uniekheid van elke individu sodat die span kan presteer.
* ‘n Gees van oppassendheid kweek wat ‘n leefstyl word, sodat dít wat ons ontvang het, ‘n kosbare nalatenskap word vir dié wat volg.
* Ouerbetrokkenheid só bestuur dat die gesag van leerkragte nooit ondermyn sal word nie.
* Ons wil uitvoer wat besluit word en nie net daaroor praat nie.
* Ons besef die waarde van deeglike kommunikasie.
* Altyd pro-aktief dink, uitdagings aanvaar en met selfvertroue deurvoer.
* Elke aksie deeglik beplan en na die tyd nabetragting hou met die oog op lesse geleer vir volgende keer.
* Onaanvaarbare praktyke en gewoontes met wortel en tak uitroei.
* ‘n Sisteem in plek hê wat die uitvoering van bogenoemde rig en reguleer.
* Die Here daadwerklik en nie uit gewoonte nie, ken en eer om ons wysheid, insig en krag te gee om effektief en suksesvol te wees.

# Geskiedenis

Na ‘n lang voorgeskiedenis, waar baie mense hard gewerk het, kom EHS op 11 April 1914 tot stand. Dit was maar ‘n klein begin, want die skool het toe bestaan uit vyf onderwysers en 78 leerders wat gehuisves is in kamers van die Uitkomst Meisies Tehuis. Die Ermelose Hoërskool, die eerste plattelandse hoërskool in die Transvaal, het tot stand gekom hoofsaaklik as gevolg van die bemoeiinge van ds. Paul Nel, wat met reg die vader van die opvoedingsinrigting op Ermelo genoem kan word. In 1917 verhuis die skool na die ou munisipale geboue. Op 19 April 1921 word die nuwe skool amptelik in gebruik geneem op die plek waar dit vandag staan.



Sedertdien groei Hoërskool Ermelo jaarliks. EHS beskik oor ‘n kampus, personeel, leerders, ouers en gemeenskap waarop almal trots kan wees. Hardwerkendheid, opregtheid, toewyding, nederigheid, eerlikheid, waagmoed, passie en lojaliteit is die waardes waarop Hoërskool Ermelo steeds bou. EHS eer ons Hemelse Vader vir al die goedheid en guns waarmee Hy ons deur die jare geseën het en sien uit na dit wat Hy vir die skool in die toekoms beplan.



# Wapen & Kleure

Mnr. Kotze, die eerste hoof van die skool (1914), het die arend as wapen van die EHS aanvaar.
Die twee arende wat na weerskante kyk, simboliseer wakkerheid.
Die kroon, bal en staf is simbole van koninklike mag.
‘Non Viribus Sed Virtute’ vertaal na: ‘Nie deur krag nie, maar deur deug.”

**EHS-Skoolwapen**




**Kleure**

Die eerste skoolhoof van die Uitkomstskool, mej. Adriani, het in ongeveer 1917 die breë groen en smal wit kleure voorgestel.

Die simboliek van die kleure:
Groen - Moed en Hoop
Wit - Reinheid en Opregtheid

# Fasiliteite

Hoërskool Ermelo is bevoorreg om oor meer as net 'n gewone skoolterrein en skoolgeboue te beskik. *The Erries are blessed with a beautiful campus which makes a great impression on everyone who enters these grounds.* Min skole kan spog met so 'n merkwaardige infrastruktuur soos dié waaroor Hoërskool Ermelo beskik.

## Kultuur-fasiliteite

Kultuurfasiliteite sluit die ABK van Zijl-Kunstesentrum, die EHS Ouditorium, sowel as die Adéle Grey Dansskool in.

*The A.B.K. van Zijl-Kunstesentrum was inaugurated in 1975. It includes a 500 seat auditorium with a stage area fully equipped for any professional theater performance. Furthermore it houses a variety of music classes.*



Die musiekpersoneel leef met 'n sigbare passie vir dié kuns en leerders ontvang individuele aandag en afrigting deur professionele deskundiges. Hierdie afrigting strek vanaf sanglesse, dansklasse en toneelspel tot die speel van bykans enige instrument: klavier, klawerbord, kitaar, ukulele, tromme, marimba, djembe, fluit, blokfluit, viool, tjello, tromboon, trompet, tuba, franse horing en saksofoon.

## Sport-fasiliteite

Hoërskool Ermelo het 'n lang lys sportfasiliteite om op trots te wees: muurbalbane, 'n skietsaal, tennis- en netbalbane, 'n semi-waterbasis astro-hokkieveld en gras-hokkievelde, 'n atletiekbaan, rugbyvelde sowel as mat- en turfkrieketnette en 'n gholfsimulator.



*A fully equipped gymnasium with a great variety of apparatus is situated on the Errie campus. Here a wide range of fitness and conditioning classes are available, as well as access to biokinetic services and physiotherapy.*



# Fasiliteite

## Other Facilities:

*The school has an industrial kitchen which serves the subject Hospitality Studies, the Errie Supreme Restaurant, the 20TWINTIG cafeteria, computer labs, a multi media room, a reception hall, archive center and a tradition room.*




## Koshuise:

Iets unieks wat die Erries na aan die hart lê, is die skool se drie koshuise wat elk op hul eiesoortige wyse 'n wesenlike bydrae tot die Groen Massa lewer.

Hoërskool Ermelo spog met twee inwoon-koshuise, Huis Veltman (seunskoshuis), Nelstehuis (meisieskoshuis) en een daghuis, genaamd Dorpshuis, waarby die dorpsleerders inskakel.

Alhoewel die drie koshuise onafhanklik van mekaar funksioneer, vorm die leerders steeds 'n eenheid as Hoërskool Ermelo.Die unieke tradisies en kameraadskap van elke koshuis is iets kosbaars omtrent die EHS wat ongetwyfeld bydra tot die besondere gees wat onder die Erries heers.

# Fasiliteite - Dorpshuis

Elke graad 8- tot 12-leerder wat in die dorp woonagtig is, word jaarliks die geleentheid gebied om as ‘n Dorpie te registreer.

*Registered Dorpies may participate in any social activities hosted by Dorpshuis,eg: the grade 8 concert,social events and leadership positions. Dorpies may make use of the facilities offered by Dorpshuis. This provides a safe environment from which Dorpies can operate while their parents are at work.*

By Dorpshuis kry dorpsleerders die geleentheid om smiddae ‘n plek te hê waar hulle kan ontspan, huiswerk kan doen of gereed kan maak vir hul buitemuurse aktiwiteite.

Daar is twee wyses waarop leerders kan inskakel by Dorpshuis:

Opsie een: ‘n gedeelde kamer waar die leerders toegang het tot ‘n kamer, ‘n kas en ‘n lessenaar.

*Option two: is a place in the study hall and each learner receives a locker.*

Al die inwonende leerders eet en ontspan saam in die eetsaal voordat die middag se bedrywighede begin.













# Fasiliteite - Huis Veltman









Huis Veltman is die trotse seunskoshuis van Hoërskool Ermelo. Die bekwame Veltman-personeel hou hul vingers op die pols van die koshuis om van jong seuns mans met integriteit te maak wat gereed is om hul plek in die samelewing vol te staan.

Die Veltman-seuns se voete verlaat wel eendag die koshuis, maar nooit hul harte nie. ‘n Besondere passie en trots vir die koshuis brand in elke Veltie-hart, want die onderlinge kameraadskap en broederskap tussen die seuns strek in menige geval veel verder as net hul hoërskooljare.

Die nuwe graad 8’s word aan die begin van die jaar deur die seniors ingedeel in spesifieke kamers, onder leiding van die koshuisvader. Na vier weke kan die graad 8-seuns hul eie kamermaats kies.

Vanaf graad 9 tot graad 12 word kamers toegeken of gekies volgens ‘n mertietestelsel, waar leerders se betrokkenheid en prestasie by die skool en koshuis, volgens graad, bepalend is van wie eerste keuse kry vir spesifieke kamers.



# Fasiliteite - Nelstehuis

Nelstehuis is die tradisieryke meisieskoshuis van Hoërskool Ermelo. Die passievolle damespersoneel is meer as net diensdoeners vir hierdie jong dames. Nelstehuis is vir menige Errie-dogter ‘n hartshuis met ‘n gemoedelike, huislike atmosfeer. Die dogters praat nie verniet van hul “huis” weg van die huis nie.

Die graad 8-dogters word deur die personeel en koshuisraad ingedeel in kamers en word deur die loop van die jaar rondgeskuif. So word verseker dat die dogters mekaar leer ken en dit maak die aanpassing tot hoërskool makliker.

Vanaf graad 9 tot 11 maak die dogters hul eie keuses oor kamermaats en kamers.

In graad 12 word die rangorde beïnvloed deur die leerders se prestasies en betrokkenheid in die skool en koshuis.

Die Nelsies smee hegte vriendskapsbande deur die loop van hul hoërskooljare en is waarlik “sussies” vir mekaar wat lewenslange vriendinne word.

Eens ‘n Nelsie, Altyd ‘n Nelsie.











# Akademie

Die EHS is geseënd met ‘n deskundige en hoogs gekwalifiseerde personeelkorps wat passievol is oor hul onderskeie vakgebiede sowel as die leerders vir wie hul skoolhou. *Teachers are equipped and enthusiastic to support learners in the development of each individual’s unique talents.*

*EHS has leading academic facilities available and some of the latest technological resources to ensure optimal education. Education of the highest quality is important at Hoërskool Ermelo. The Erries make use of Google’s academic platforms to ensure that learners are not only on board in the classrooms, but also virtually and always have access to all relevant work.*



Hoërskool Ermelo is egter baie trots op die perspektief dat geen tegnologie ‘n goeie onderwyser kan vervang nie!

*The Erries also enjoy extra-curricular academic activities, such as educational excursions, spelling bees, olympiads and creative writing competitions.*

Die EHS-Taalleergids is ‘n eersteklas opsomming van die mees onlangse Afrikaanse spel- en taalreëls en word voortdurend opgedateer om tred te hou met die jongste verwikkelinge in Afrikaans. Hierdie handleiding is ‘n hulpmiddel wat huistaal- sowel as eerste addisionele taal-leerders met groot vrug gebruik.

Spoiings is nog ‘n publikasie vanuit die Afrikaanse Departement waarop die Erries besonder trots is. Dié bundel is ‘n samestelling van die leerders se top-stelwerkstukke. Dit is vir ‘n Errie ‘n besondere prestasie en voorreg wanneer sy/haar skryfwerk in die Spoiings ingesluit word.








# Akademie

## Vakkeuses

By Hoërskool Ermelo kan leerders uit ‘n wye reeks vakke kies om hul loopbane vroeg reeds op dreef te kry.

In graad 8 en 9 word die leerders verplig om alle vakke te neem en so ‘n basiese fondasie te vorm vir die vakkeuses wat in graad 10 gemaak word.

Hierdie verpligte leerares sluit in: Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal), Engels (Home Language or First Additional Language), Wiskunde, Lewensoriëntering, Geskiedenis, Kuns en Kultuur, Rekeningkunde, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Tegnologie, Musiek, Rekenaartoepassingstegnologie en Geografie.

Vanaf graad 10 word leerders toegelaat om, behalwe vir die verpligte leerareas, énige drie vakke te kies. Die vakke word nié by EHS in pakkette aangebied nie, maar die leerders se roosters word persoonlik uitgewerk om sover moontlik elkeen se kombinasie te probeer akkommodeer.

Die verpligte leerareas vir graad 10 tot 12 is Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisonele Taal), Engels (Home Language or First Additional Language), Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid en Lewensoriëntering.

EHS bied ‘n wye reeks vakkeuses: Landboubestuur, Landbouwetenskap, Musiek, Visuele Kunste, Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Geografie, Geskiedenis, Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Gasvryheidstudies en Toerisme.

## Subject Choices

*At Hoërskool Ermelo learners can choose subjects from a wide variety of options in order to get their future career on track from early on.*

*In grade 8 and 9 all subjects are compulsory. This ensures a basic foundation on which learners can build when choosing subjects in grade 10.*

*These compulsory subjects include: Afrikaans (Home Language or First Additional Language), English (Home Language or First Additional Language), Mathematics, Life Orientation, History, Arts and Culture, Accounting, Economic- and Management Sciences, Physical Sciences, Life Sciences, Technology, Music, Computer Applications Technology and Geography.*

*From grade 10 learners choose three subjects along with four compulsory subjects. At EHS subjects aren’t packaged together and the learners’ time tables are, as far as is possible, customised to fit their chosen subject combination.*

*Compulsory subjects for grade 10 to 12 include Afrikaans (Home Language or First Additional Language), English (Home Language or First Additional Language), Mathematics or Mathematical Literacy and Life Orientation.*

*EHS offers a wide range of subject choices: Agricultural Management, Agricultural Sciences, Music, Visual Arts, Accounting, Business Studies, Economics, Enginering Graphic and -Design, Geography, History, Computer Applications Technology, Information Technology, Life Sciences, Physical Sciences, Hospitality Studies and Tourism.*



# Sport

Hoërskool Ermelo wil graag leerders kweek wat ‘n gebalanseerde leefstyl handhaaf. Om dié rede heg die skool baie waarde aan fisiese oefening sowel as die dieper lewenswaardes wat sport by leerders tuisbring.

*The Erries believe in a sound mind and a healthy body. We offer a variety of team sports: hockey, netball, rugby and cricket. Sport offers the opportunity to learners to be part of a team.*

Selfs by sportsoorte waar leerders meer in ‘n individuele hoedanigheid deelneem, soos atletiek, tennis, gholf, hengel, skiet, ruiterkuns en skaak, speel hulle as span steeds ‘n onmisbare rol in Errie-sport. Vir diegene met ‘n liefde vir landbou is daar jeugskoue waar leerders touwys gemaak word oor hoe om met vee te skou.













*The Hoërskool Ermelo gymnasium offers, in association with a qualified biokineticist, team sessions and conditioning training according to each learner’s personal needs and abilities.*

Hoërskool Ermelo beskik oor uitstekende sportfasiliteite. *We are proud of our internationally acknowledged Errie-Unie-Astro hockey field, five high quality tennis courts, six netball courts, three squash courts and many more.*

Sport is ‘n belangrike deel van menige jongmens se lewe. *That is why we strive to offer each Errie the opportunity to develop and perform to the best of his/her ability in the sport of his/her choice, ensuring that our learners maintain a healthy lifestyle.*

# Kultuur



Die EHS streef daarna om ‘n liefde en waardering vir kultuur by leerders te kweek. Die blootstelling wat Erries aan kultuur kry, help leerders om te bou aan hul selfvertroue en omskep kinders in volrype jong volwassenes. Deur toegewyde afrigting en onbaatsugtige ondersteuning lei die personeel die leerders om hul talente te ontdek en te ontwikkel.


Hoërskool Ermelo neem deel aan ‘n reeks kompetisies wat onder andere insluit:
ATKV-Redenaars, -Debat en -Tienertoneel, Radikale Redenaars, Con Spirito, SALA, Oppie-Tong-Af, Artisticulta, Dink-of-Sink, EHS-dramaklasse en koorfeeste.

*Apart from the above mentioned opportunities where the Erries can grow at a competitive level, there are also different internal opportunities in which the learners can develop on a cultural level under the leading expertise of the EHS staff. These opportunities include the annual “Groentjieskonsert”, iHelp and Kalisto, music lessons at the ABK van Zijl-kunstesentrum, as well as dance lessons at the Adéle Grey-dansskool.*

Die Erries is ook betrokke by Landsdiens. Hier leer leerders vier belangrike liefdes, naamlik liefde vir God, liefde vir jou medemens, liefde vir die natuur en liefde vir arbeid.

“Creativity takes courage, but behind every performer is a beginner who fell in love with expression, story telling and being set free.”







# Leerderontwikkeling

‘n Skool se sukses lê nie net in die akademiese, sport, of kulturele opvoeding wat leerders ontvang nie, maar ook grootliks in die vorming van hul dieper menswees. Dit is algemeen bekend dat die jeug van vandag môre se toekoms is en juis daarom is dit vir Hoërskool Ermelo van die uiterste belang om te belê in die vorming van ‘n gesonde volwassene, sodat dié op elke aspek van sy/haar lewe ‘n positiewe verskil kan maak na die beste van hul eie vermoë.

## Kalisto:

Kalisto is Hoërskool Ermelo se geestelike tuiste waar leerders elke Dinsdagaand bymekaarkom vir ‘n uur van lofprysing, gebed, getuienisse deel en onderrig uit die Woord. Dit is vir Hoërskool Ermelo belangrik om gereeld die boustene van ons geloof weer opnuut by die leerders in te skerp, bv.: “Wie is Jesus? Waarom moes Jesus aan die kruis sterf? Waarom en hoekom moet ek bid?”

*Kalisto is blessed to welcome visiting orators on a regular basis. These guests share their passion for God and the Word with the Erries. Praise and worship form part of the Kalisto culture, leading the Erries to a stronger relationship with God.*

Bo en behalwe die jaarlikse hoogtepunt, die Kalistokamp, is daar ook Kalisto jeugweke, asook gebedsgeleenthede gedurende pouses op Donderdae en Vrydae waartydens ‘n Psalm gelees en oordink word, gebedsversoeke gegee en voor die Here in gebed gebring word.

*The Erries bow down before God with thankful hearts for every piece of spiritual growth that takes place in the learners’ hearts.* EHS bid vol verwagting dat die Here nog meer Erries se harte aan die brand sal steek om hul kruise op te neem en Jesus Christus heelhartig te volg!






# Leerderontwikkeling

## Ondersteuningsdienste:

Hoërskool Ermelo beskik oor 'n leerderondersteuningsprogram genaamd iHelp. Hier ontvang leerders ondersteuning en leiding rakende vakkeuses, loopbane, verdere studies en beursaansoeke. *We annually welcome various universities to our campus, and host a career exhibition for our grade 11s. The school also offers study method courses, helping the Erries to study effectively.*

Die skool bied voorts studiemetodes-kursusse aan om leerders te leer hoe om effektief te studeer. Leerders met lees- en leerprobleme word na kundiges verwys en aangemoedig om doelwitte vir hul toekomstige beroepe daar te stel sodat die skool leerders kan help toerus om hul drome te verwesenlik.



Verrykingsprogramme is daarop gemik om leerders te help om hulself beter te leer ken, om te verstaan wat hul doel op aarde is en om tot volwassenheid te groei. Kort aanbiedings oor relevante onderwerpe soos persoonlikheidstipes en leierskapstyle word met die leerders behandel.

Leerders met persoonlike en maatskaplike probleme word individueel en vertroulik hanteer in beradingsessies deur 'n gekwalifiseerde berader wat voltyds by die Erries is. Indien nodig, word die leerders verwys na buite-instansies soos die Christelike Maatskaplike Raad.

*iHelp is always available to support any learner who struggles to adapt to our fast-changing society. Learners who suffer losses, are uncertain of the future, or just need a shoulder to lean on can contact the iHelp support centre.* Die doel van Hoërskool Ermelo se iHelp-program is om gebalanseerde, gelukkige kinders die wêreld in te stuur.

## Leierskapstelsel:

Die EHS glo dat elke graad 12-leerder sy/haar plek moet volstaan as leiers van Hoërskool Ermelo. Die dra van die kenmerkende streepbaadjies is die simbool van leierskap. Dan volg die Errie-raad, asook koshuisrade en daarna die Uitvoerende raad. Laasgenoemde bestaan uit verskeie portefeuljes: Huisvoorsitters (Dorpshuis, Nelstehuis, Huis Veltman), Sport, Kultuur, Sekretarisse, Penningmeesters en Hotelraad voorsitter. Die presidente staan aan die stuur van sake en die vise-presidente is die presidente se regterhande.

*The purpose of this broad and unique leadership system is to develop leadership in every learner in order for them to achieve their full potential. The learners are being developed through taking responsibilities for big and small projects that they have to organize, manage finances, building relationships with the community and business and still balance school responsibilities. Furthermore they mature by being role models for each other and the rest of the learners at EHS.*

'n Hoë premie word geplaas op die jaarlikse leierskamp, waar die leerders ten volle toegerus word vir die termyn as leier by Hoërskool Ermelo. Die leerders van EHS stap uit die hoërskool as leiers, ongeag hulle agtergrond en persoonlikheid.



# Skoollied

### Hoërskool Ermelo

Ons staan vooraan deur heel die land,
in werk en sport en spel.
Gevorm in hart en brein en hand,
en sal dit bly vertel


Die EHS is die skool vir my,
daar is geen ander skool soos hy.
Ons sing dit uit met harte bly,
hy is en bly die skool vir my.

Aan die Alma Mater sweer ons trou,
en sal dit altyd bly;
Dis die bande wat ons same hou
vir jou, ou maat, en my.

Die EHS is die skool vir my,
daar is geen ander skool soos hy.
Ons sing dit uit met harte bly,
hy is en bly die skool vir my.

Ons het jou lief ou Ermelo.
Ons sal jou nooit vergeet.
En een en almal sê ons so,
die wêreld moet dit weet.

Die EHS is die skool vir my,
daar is geen ander skool soos hy.
Ons sing dit uit met harte bly,
hy is en bly die skool vir my.



Hoërskool Ermelo

ehs_erries

www.erries.co.za

ontvangs@erries.co.za

017 811 5866

E.H.S.

1914

NON VIRIBUS SED VIRTUTE